# CHRISTIAAN DE WET.

## HOOFSTUK I.

### Afkoms en Kindsheid.

Tien maande nadat die Oranje-Vrystaat as onafhanklike Staat begin het om te bestaan, is Christiaan Rudolph de Wet gebore. So het dit dan gebeur dat as die Onafhanklikheidsdag elke jaar gevier was, dit vir hom daaraan herinner het dat hy en sy land van één ouderdom was. Seker het niemand duideliker selfbewustheid daarvan gehad nie dat hy Vrystater was, dan hy. Intens het hy meegeleef in alles wat sy land wedervaar het. Die drade van sy lewensgeskiedenis is deureengeweef in die lewensweb van die historie van sy volk. Sy geskiedenis is dan ook Vrystaatse geskiedenis.

Hy behoort aan die geslag waarvan die stamvader uit Holland na die Kaapkolonie gekom het tussen die jare 1690 en 1700. Die stamvader was Jacobus de Wet, van Amsterdam. Hy was toe hy Nederland verlaat het, in die diens van die Oos-Indiese Kompanjie. Van hom word verhaal dat hy in die maand Augustus 1708 vir hom as burger gevestig het aan die Liesbeekrivier. Dit was drie jaar vóór sy dood.

Hy is tweemaal getroud gewees—die eerste keer met Josina Pretorius, en die twede maal met Christina Bergh. Die tak van De Wets waar generaal De Wet aan behoor, is dié wat voortgespruit het uit die eerste huwelik.

Die vader van Christiaan de Wet was Jacobus Ignatius. Hy was in die sesde geslag van die eerste De Wet. Op 13 Julie 1823 is hy gebore op Boontjieskraal, distrik Caledon, in die Kaapkolonie.

Jacobus Ignatius de Wet het in die huwelik getree met Aletta Susanna Margaretha Strydom. Sy was 'n dogter van Gert Cornelis Strydom; en het die eerste lewenslig gesien op 28 Februarie 1828.

Die vader van generaal De Wet is beskrewe geword as „'n man van blanke opregtheid." Dit kon ook elkeen op sy eerlike, ope gelaat lees. Hy het 'n sterk mond met ferm, geslote lippe gehad, wat die man van standvastige karakter geopenbaar het. Diep was die godsdiens in sy wese gesetel. Hy het sy Kerk ook vurig liefgehad en het veel vir hom gedoen. Aan sy volk was hy toegewyd, en hy het die Staat in meer as één betrekking gedien. By hierdie eienskappe was daar nog dit, dat hy 'n man was van sagte geaardheid—vriendelik en voorkomend.

Sy vrou en hy het 'n kontras gevorm. By haar was vasberadenheid die trek wat die mees kensketsend in haar karakter was. So was sy en haar man die aanvulling, die één van die ander. Mevr. De Wet was 'n persoon van sterke wilskrag. Sy was wat haar beroemde seun genoem het toe hy later van haar vertel het, „'n warme vrou." Besonder presies was sy in alles waar sy mee te doen gehad het. In haar huis, ook toe dit nog maar 'n hartbeeshuisie was, moes alles

in die beste orde wees. Dit was haar trots dat daar geen aanmerking moes kan gemaak word op hoe haar kinders daar uitgesien het nie. En tog was sy nie 'n vrou van harde aard nie. By al haar strengheid het die moederlike hart in haar warm vir haar kinders geklop, en hulle was ook aan haar teder verknog.

Christiaan Rudolph is gebore op die plaas Leeukop, in die distrik Smithfield, op 7 Oktober 1854. Hy was die sesde van veertien kinders uit die eerste huwelik. Uit die twede was daar geen kroos nie. Daar was nee seuns en vyf dogters. Van hierdie is nog in die lewe, behalwe generaal De Wet self, Gert Cornelis, Johannes Jacobus, Pieter Daniel, Daniel Rudolph, en Berend Johannes Jacob. Onder dié wat oorlede is, moet daar hier besonder melding gemaak word van Albertus Stephanus de Wet. Hy is gestorwe op Stellenbosch kort nadat hy Kandidaat in die Teologie geword het. 'n Veel belowende student is hy gewees, en sy heengaan is van alle kante diep betreur geword.

Wanneer Jacobus de Wet uit die Kaapkolonie getrek het na die Vrystaat, het ek nie kan uitvind nie; maar dit moet gewees het enige jare vóór die geboorte van Christiaan. Op die plaas Leeukop, in die distrik Smithfield, het hy vir hom neergesit. Daar het hy gewoon tot die jaar 1859. Toe het hy getrek na Kalkfontein, in die distrik Bloemfontein, nie ver van die plaas waarop Reddersburg kort daarna sou uitgelê word nie. Meermale het hy verhaal van die vergadering wat daar gehou geword het om planne te beraam vir die stigting van 'n dorp. Dit was eintlik 'n vergadering van mense wat aan die Gereformeerde Kerk behoor het, en Jacobus de Wet was gewoond om te sê dat hulle die dorp „Reddersburg"

genoem het, omdat, soos hulle dit uitgedruk het, hulle nou gered sou wees, en 'n dorp hê waar hulle hul Kerk kon bou: een van die oueres sou gesê het: „Nou is ons gered!"

Op Kalkfontein het Jacobus de Wet 'n hartbeeshuis gebou. Miskien is dit nodig vir die jongere geslag om hier iets te sê oor 'n hartbeeshuis. Dit was 'n armoedige woninkie, wat uit niks anders bestaan het nie as 'n spits dak, wat op die grond gerus het. Daar was geen mure nie. Seer tenger was die huisie saamgestel met latte en gedek met tamboekiesgras. Nou was die hartbeeshuisie wat Jacobus de Wet gebou het, een dag in die grootste gevaar, met die moeder en kindertjies daarbinne. Hy het gaan jag op die troppe wildebeeste, wat in ontelbare menigtes toe nog op die breë vlaktes gewei het. Een van hul het hy gewond, en die dier, blind van skrik en pyn, peil toe op die ou hartbeeshuisie af, waarin die moeder en kindertjies vir hulle bevind het. Alles sou verpletter gewees het, en almal daarbinne gedood of gewond, as dit nie was nie dat die honde die dier gegryp en hom neergeruk het net toe hy op die punt was om by die rietdeurtjie in die gewel na binne in te breek. Wat was daar dankbaarheid in die hart van Jacobus de Wet toe hy tuiskom en sien wat 'n uitredding daar van sy vrou en kinders was!

Woes was die land nog in dié dae. Dit was nog nie mak gemaak nie, soos die oumense dit uitgedruk het. Orals was dit ruig. Die rietvleie het nog nie 'n diep sloot gehad wat in die middel oopgespoel was nie. Dit was gevaarlik vir 'n bees om in die riet in te gaan, want hy kon somaar wegsink en verdwyn. Dan het die gras ook op die wye vlaktes en bulte welig gegroei. As daar nie 'n droogte dié jaar is nie, dan het die

gras so hoog gestaan, dat die veld heeltemal ongeskik vir kleinvee was. Daar was ook ontelbare getalle van wilde diere: springbokke, blesbokke en wildebeeste. Leeus was nie meer te sien nie, maar die mense het baie las gehad van jakalse, wildehonde en wolwe.

Op Kalkfontein het Jacobus de Wet nie lank gebly nie. Nadat hy daar twee jaar gewees het, het hy getrek na Nuwejaarsfontein, wat 'n driekwartier gelee was van Kareefontein, die plaas waarop Dewetsdorp later sou gestig word. Nou was dit op die reis na Nuwejaarsfontein dat Christiaan de Wet die eerste herinnering uit sy kinderjare kan meedeel. Hy was toe 'n seuntjie van sewe jaar oud. Hy onthou nog dat aan hom die taak van kalwerwagter opgedra was. Die ouere broers moes die vee, met die melkkoeie, voor die trek uit aanja. Christiaan was met die kalwers in die agterhoede. In die aand moes hy, waar die trek vernag, bykom, want dan moes die koeie gemelk word. Hy het verklaar dat dit nie éénmaal gebeur het nie dat „die koeie uitgesuip het"; [1]) maar dan het hy ook daarby gevoeg, sou hy by sy moeder nie gemaklik verbygekom het nie as dit gebeur het.

Die droogte van 1862 onthou generaal De Wet goed—en dit veral om 'n avontuurtjie wat hy met 'n blesbok in dié jaar gehad het. Groot klompe blesbokke het uit die westelike gedeeltes van die Vrystaat ooswaarts getrek, waar daar beter veld was. So het daar menigtes van dié diere op die plaas van sy vader gekom. Nou was dit nie die moeite werd, vertel hy, om 'n blesbok vir sy vleis te skiet nie—so erg

---

[1]) So word dit uitgedruk „Die koeie het uitgesuip" beteken dat die kalwers, per ongeluk, of deur nalatigheid, by die koeie gekom het in die veld of op die werf, en die koeie uitgesuip het, voordat hulle gemelk is

vermaerd was die arme diere—, maar die velle was in groot aanvraag. Daar kom die gedagte by hom op—dit was op 'n Sondagmôre—dat dit iets sou beteken as hy met 'n blesbokvel na die huis kon kom; en, sonder om verlof te vra, gaan hy met die honde veld-toe. Dit duur nie lank nie of die honde het 'n blesbok neer, maar Christiaan het geen mes om die bok keel af te sny nie. Hy ruk toe sy kruisbande, wat van leer gemaak was, af om die bene van die blesbok vas te bind, totdat hy 'n mes sal kan gaan haal. Maar dit was nie nodig nie. Terwyl hy met die spartelende bene besig was, het die honde die bok vankant gemaak.

Erg ontevrede was sy vader met hom dat hy die Sondag so ontheilig het; en hy het hom daaroor ernstig berispe.

Die vader van Christiaan is, kort nadat hy vir hom op Nuwejaarsfontein neergesit het, tot veldkornet van die wyk Bo-Modderrivier, van die distrik Bloemfontein, gekies. Toe die Basoetoe-Oorlog in 1865 uitbreek, moes hy in die begin die grens bewaak; maar hy is ook met sy oudste seun lank op kommandodiens in die veld gewees. Gedurende die oorlog was dit nie veilig op Nuwejaarsfontein nie, en daarom moes mevr. De Wet tydelik gaan woon op Perdekraal, nader aan Bloemfontein. Dit was hier dat Christiaan sy eerste onderwys ontvang het. Hy kon al lees—dit het sy moeder vir hom geleer—, maar nou sou hy werklik in 'n skool kom. Die onderwyseres was mevr. Margaretha Nel. Sy het vir hom, behalwe lees, ook skrywe geleer, en hom 'n bietjie verder gebring

In hierdie skooltjie het daar iets gebeur wat toe al getoon het wat daar in die karakter van die elf-jarige knaap lê. In die korte afwesigheid van die onderwyseres, maak een môre 'n meisie van omtrent

sy eie ouderdom so 'n pret, dat die hele skool in wanorde kom. Alles was in rep en roer toe mevr. Nel die deur binnestap. Seker, so dink sy, kan die skuldige niemand anders wees as Christiaan nie, en, sonder die saak te ondersoek, begin sy vir hom met 'n kweperlat heftig te tugtig, terwyl hy aanhou verklaar dat hy nie die oorsaak van die geraas was nie. Toe sy vir hom vra wie dit dan is, gee hy antwoord: „Ek sal nie sê nie, maar ek is dit nie."

Dit was omtrent in hierdie tyd dat hy onderrig ontvang het ook op 'n ander gebied: hy het geleer skiet! Dit was met 'n ouerwetse pangeweer. Hendrik Fouchee, 'n figuur later goed bekend op Bloemfontein, het hom in hierdie kuns les gegee. Hendrik Fouchee het op die grond gaan lê, en dan moes Christiaan die groot roer, wat te swaar vir hom was om teen sy skouer te hou, op oom Hendrik laat rus. Daar was 'n bottel om korrel op te hou. Dit was nie so gemaklik om daardie voorwerp te tref nie. 'n Veel sekerder uitwerking van elke skot was die geweldige „skop wat die ousanna gegee het." Dae ná so 'n oefening het Christiaan nog pyn in sy skouer gevoel.

Christiaan se vader, soos bowe meegedeel, moes in die begin van die Basoetoe-Oorlog die grens bewaak, en sy burgers moes elke nag wagstaan. Die hele hart van sy seuntjie was in die oorlog; en as dit kon, sou hy nou al—al was hy maar elf jaar oud—op aktiewe diens gegaan het. Maar hy het tog voldoening aan sy begeerte gekry toe nou die een dan die ander burger hom in sy plaas laat wagstaan het Vir sulke diens het Christiaan dan beskuit as beloning gekry.

Meer dan in die skool van mevr. Nel het Christiaan geen onderwys ontvang nie, behalwe nog 'n tydjie van nie langer as drie maande nie. Dit was by 'n Hollandse

Jood, met die naam van Bouman. Hierdie onderwyser was 'n goedhartige man. Hy was miskien 'n bietjie te sag, het generaal De Wet in latere jare gesê. Seker het hierdie man nie die ideaal voor oë gehou nie van skoolmeesters van dié tyd, wat gereken het dat die kweperlat in die skoolkamer meer uitrig as enig ander denkbare middel. Van Bouman het Christiaan ook 'n bietjie rekenkunde geleer. In hierdie vak was hy in sy element. Hy het in „somme-maak" almal in die skool oortref, en dit was verbasend hoe gemaklik hy uit die hoof kon reken.



Jacobus Ignatius de Wet, Vader van Genl. De Wet.

## HOOFSTUK II.

---

### HUWELIK.

In die jaar 1867, ná die beëindiging van die Basoetoe-Oorlog, het Christiaan 'n tydjie deurgebring op die plaas van sy oudste broer, Jan, in die Ladybrandse distrik. Dit was een van die plase wat deur die Regering uitgemeet was vir bewoning deur die burgers in die Verowerde Grondgebied, en is deur die landmeter „Juist Zoo" genoem. Jan de Wet het dit vir £200 gekoop.

Toe Christiaan met sy broer Jan daar was, het hy die eerste grote droefheid van sy lewe ondervind. Hy was een dag in die veld, toe Jan haastig aangery kom, en hom die verpletterende tyding meedeel dat daar net berig gekom het dat hulle moeder oorlede is met die geboorte van 'n kindjie. Die slag was vir hom ondraaglik. Vyf-en-twintig jare daarna, toe hy aan haar dood dag, het hy dit nog so diep gevoel, dat hy daar nie sonder ontroering oor kon spreek nie.

Hy het toe teruggegaan na Nuwejaarsfontein en het sy vader in die boerdery gehelp. Spoedig blyk dit dat hy die skranderste van die kinders van Jacobus de Wet is. Hy het onder sy broers die voortou geneem —en dit nie omdat sy vader hom die voorrang gegee het nie: die broers het maar vanself gevoel dat dit so moet wees, en hom ook erken as voorman in die boerdery.

Vir homself het hy nou ook langsaam—dit was maar langsaam—veetjies kan bymekaarmaak.

Op Bloemfontein het hy die tiendaagse katkisasie bygewoon, en is deur ds. G. Radloff tot lidmaat bevestig, tesame met 'n aantal ander jongelinge en jongedogters, van wie hy vir homself sorgvuldig al die name afgeskryf het. Die katkisasie het 'n diepe indruk op sy gemoed gemaak—veral die voorstellings-plegtigheid. Ds. G. Radloff vertel dat hy generaal De Wet ontmoet het op Krugersdorp, onmiddellik ná die Vredesonderhandelinge in 1902, en by die ontmoeting aan hom gesê:

„U sal my seker nie meer ken nie, Generaal!"

„Sal ek nie my ou leraar ken nie?" was die antwoord van generaal De Wet: „Ek onthou nog die teks wat u my met die voorstelling gegee het: ‚Zalig zijn de dienstknechten, welke de Here, als hy komt, zal wakende vinden.' Ek het daar in die laaste tyd veel aan gedink."

Ná die katkisasie het daar niks besonders voorgeval nie tot die 23ste Junie 1873, toe hy, as neentienjarige jongeling, in die huwelik getree het met Cornelia Margaretha, die sewentienjarige dogter van Izak Johannes Christiaan Kruger en Cornelia Margaretha Lombaard. Sy is gebore op die plaas Middelpoort, distrik Bloemfontein, op 22 Desember 1856. Daar het sy ook opgegroei Onderwys het sy ook ontvang in die skooltjie van mevr. Nel. Haar skoolgaan het nie langer as drie maande geduur nie. Sy was nie gelyktydig op hierdie skool met haar toekomstige man nie. Later het sy „vir die aanneming geleer" by Carl Brander, 'n Duitser; en sy is ook deur ds. G. Radloff, maar 'n jaar later as Christiaan, as lidmaat bevestig. Daar sal veel verhaal word van die

gade van generaal De Wet in hierdie geskrif, en daaròm moet al hier reeds iets van haar karakter gesê word. Sy was allesins 'n merkwaardige persoonlikheid —'n tiepe van die vrou van die geslag wat nou byna tot die verlede behoor—die Voortrekkersvrou; die vrou wat vir haar kon vind in die toestande waarin 'n jong volk verkeer in 'n land wat nog „mak gemaak" moet word. Ja, sy was 'n natuurkind, vir wie dit nie iets vreemds was om te stry teen die ongeriewe van die eensame plaas, waar alles nog moes reggemaak word; waar die ploeg nog niks anders doen as nuwe grond te braak nie. Sy het dit ook in haar kinderjare elke môre kan verwag dat haar vader met die tyding in die huis sou kom dat die Basoetoes oor die grens gekom en groot troppe vee weggeroof het. In so 'n lewe is sy gebore, en het sy as dogter en later as huisvrou en moeder geworstel. En sy was 'n edel tiepe—ook van haar geslag. Wat dit was om te wik en te weeg, het sy nooit geweet nie. Te skipper was iets wat aan haar aard geheel vreemd was. Sy het die verleiding om te wankel en wyk in groot oomblikke, waarin sy pal moes staan, gemaklik oorwin. Vir die vryheid van haar volk, vir reg en geregtigheid het sy die grootste ontberinge gely. Daarby was sy ook 'n vrou wat nie maar enkele male in haar lewe, maar dikwels „sprakeloos ten offer" gebring het. Onmisbaar is sy vir haar man gewees—nie alleen in die gewone dinge van die alledaagse lewe nie, maar ook waar dit die groot vraagstukke gegeld het in verband met die staatkundige, sedelike en godsdienstige heil van Land en Volk.

Christiaan de Wet het 'n huisie gebou nie ver van sy vader se woning nie. Dit was maar 'n klein woninkie van drie vertrekke. Hy het dit met snyruigte

bedek, wat hy self in Grootspruit in die nabyheid van sy huis gesny het. Die huwelik is geseen gewees met ag seuns en ag dogters. Nie een van die dogters leef nog, en van die seuns is daar nou ses in lewe.

Die jeugdige paar was nie met veel van die aardse goedere geseen toe hulle die huweliksiewe begin het nie. Saam het hul sestig skape bymekaargebring. Hy het een perd en een koei gehad: sy, sewe koeie.

Met hierdie veetjies het dit nie goed gegaan nie. Daar het in die winter van 1873 buitengewoon swaar reens geval, en die vee was teen die nat koue nie bestand nie. Die gevolg was dat daar by die end van die jaar maar nog net een uit die ag koeie oorgebly het en maar weinig van die skape. Oorweldigend het die jong paar onder die besef van hul teenspoed gekom toe dit blyk dat Christiaan vir sy eerste skeersel wol nie meer as £5 ontvang het nie.

Maar hy was nie 'n man om ontmoedig te word nie. Behalwe aan die veeboerdery, het hy sy aandag gewy aan die landbou. Daar was onder die dam naby die huis besonder goeie saaigrond, en dié het Christiaan bebou. Daarop het hy hard gewerk. Van vroeg in die môre tot laat in die nag was hy besig. Hy het sy kragte so ingespan, dat alleen 'n man van ysere konstitusie dit kon verdra. En wat het hy veel aan sy jonge, wakkere vrou te danke gehad! Sy was met hom daar op die land. In die nagte, in die heldere maanlig, was sy hom behulpsaam. Sy het die bondels gemaak van die koring of hawer wat afgesny was, en die bande daarop gelê, sodat haar man agter haar die gerwe vinniger kon bind.

„En ek kon my kindjie," so het sy later vertel, „in die huis nie laat, of êrens op die land neerlê nie: ek

het hom op my rug in 'n tjalie vasgebind, en so vir my man gehelp." Dit het meermale gebeur dat die egpaar tot by die middernag op die land werk, en dan was Christiaan weer om drieuur, die volgende môre, op. Hy kon met min slaap klaarkom. Dit is later op buitengewoon merkwaardige manier in die oorlog gesien, toe hy hele nagte agter mekaar in die lang kommandotrekke kon deurry aan die hoof van sy manskappe, en dan nog in die dag, terwyl die burgers slaap, sy rapporte skryf, of met iets anders vir hom besig hou.

Waar mevr. De Wet vir haar man so op die land gehelp het, was dit nooit oorsaak dat sy haar huis verwaarloos het nie. Sy het in die begin geen bediende gehad om haar te help nie, maar niemand sou dit gemerk het nie, as hy die kans gehad het om die blinkgeskuurde potte in die kombuis te sien. Een môre kom haar skoonvader haar 'n bietjie koffie bring—koffie was dié jaar, weens 'n misoes, 2/6 die pond, en natuurlik was die geskenk baie welkom. Hy vind haar besig met werk op haar vloer, wat altyd deur die meide verrig word, en hy merk ook hoe mooi sy self, sedert sy laaste besoek, die voorhuis uitgewit het. Besorg sê hy aan haar:

„My kind, jy sal jou gedaan werk."

„Nee, pa," was haar antwoord, „ek sal nie! Maar as iemand hier kom, en oor my huis aanmerkings maak, moet ek hom kan stormloop!"

Stormloop! Christiaan en Cornelia de Wet—twee siele van een metaal!

De Wet was voorspoedig. Hy het goed aan koring en hawer gewin. Die vraag vir hom was nou, waar hy vir sy produkte 'n mark kon kry. Soos dit te dinke val, rys die Diamantvelde voor sy geestesoog

op. Maar hy het geen middele waarmee hy sy graan op die mark kan bring nie. Hy is nog maar altyd skraal bedeeld met aardse goedere. Wel het hy van sy vader 'n kort osse-tentwa gekoop—een van die ou Voortrekkerstiepe, met houte asse. Maar daarvoor het hy geen trekdiere nie. Spoedig dink hy vir hom 'n plan uit. Hy sou Christiaan de Wet nie gewees het nie as hy nie dadelik 'n weg uit sy moeilikheid gesien het nie. Wat in hom nou opkom, is om te gaan na die heer Louis Fourie, wat omtrent drie uur te perd van hom op Rusfontein woon, en te verneem of hy hom nie kan help nie. Meteen gaan hy daarheen en deel aan hom dit mee dat hy sy koring en hawer op Kimberley wil gaan verkoop, maar dat hy geen osse het om voor sy wa te span nie. „Sal jy my nou wil help?" vra hy. „Sal jy my op uitstel 'n span osse verkoop?"

„Ek sal twee perde laat opsaal," antwoord Louis Fourie, „en ons kan na die beeste ry."

Hy het toe aan De Wet 'n span osse van veertien gewys vir 'n seer billike prys, en aan hom gesê: „Ek gee jou nou 'n jaar uitstel."

Later het generaal De Wet dikwels betuig dat die span osse vir hom op die been gebring het, en dat hy dit nooit kon vergeet nie dat die Here dit so beskik het.

Van sy eie graan het hy toe nie genoeg vir 'n wavrag nie. Hy besluit toe om ook 'n weinig transport op te laai. So is hy op sy eerste handels- en transporttog na Kimberley toe. Dit het voorspoedig gegaan, nie alleen met die verkoop van sy graan nie, maar ook met die transportry. Hy het toe daarop gou weer met 'n vrag transport na die Diamantvelde gegaan; en dit duur nie lank nie of hy is in staat om twee osse by

te koop, sodat hy 'n span van sestien kon laat trek voor 'n bokwa wat hy gekoop het. Daarmee het hy nou transport gery. Dit was sy gewoonte om, al gaande, van plaas tot plaas, pluimvee te koop, en dié op Kimberley van die hand te sit. Die profyt wat hy eenmaal met die verkoop van sy pluimvee gemaak het, was £6 10s. Presies vir hierdie bedrag het hy nog 'n os bygekoop, wat hy die naam van „Hoendergeld" gegee het.

Nog voordat die jaar uit was, het hy aan Louis Fourie betaal wat hy vir die span osse verskuldig was.


Met die betaal van sy skuld was Christiaan de Wet altyd seer presies. Dit was vir hom 'n gewetenssaak. Later, toe hy die laaste paaiment van sy eerste plaas moes afbetaal, het hy net genoeg geld daarvoor gehad. Maar hy het ook onderklere broodnodig gehad. Die versoeking was nou daar om tog iets aan die so nodige klere te bestee. Maar hy het aan die gedagte geen oomblik herberg gegee nie. Sy vrou het toe wat hy nog aan onderklere gehad het, so gekalfater as die orige stoffasie toegelaat het. Na sy krediteur het hy toe gery en met hom reggemaak; en in die aand kon hy sê : „My grond het ek betaal."

Intussen is Dewetsdorp gestig. Die vader van Christiaan de Wet het herhaalde male memories laat teken, die Volksraad versoekende dat die plaas Kareefontein, wat aan 'n Ier, met die naam van Carrol, behoor het, te koop en daarop 'n dorp te stig. Maar die Volksraad het aan die versoekskrifte geen gehoor gegee nie. Eindelik het Jacobus de Wet 'n komitee in die lewe geroep, waarvan hy self tot voorsitter gekies is. Die plaas, wat 1,500 morge groot was, is vir £1,500 gekoop. Dit was in 1876. Jacobus de Wet het met

die ander lede van die komitee die erwe uitgemeet en dorpsregulasies opgetrek. Groot was sy voldoening toe byna die hele koopsom op die dag van die verkoop van die erwe opgebring is. Nou was daar 'n kerkplaas, maar dit het aan 'n kerkgebou ontbreek. Ook hiervoor het Jacobus de Wet vir hom beywer. Hy het rondgery onder die mense, en nie gerus nie, totdat hy die som van £600 gekollekteer het. Daarvoor is die eerste kerkgebou opgerig. In 1880 is die kerkplaas, Kareefontein, deur die Regering tot dorp verklaar; en ter ere van Jacobus de Wet is dit Dewetsdorp genoem.

In die hoofstraat, nie ver van die kerk nie, het hy sy dorpshuis gebou. Die huis staan nog.

Nadat die Regering die kerkplaas tot dorp verklaar het, is Jacobus de Wet tot Resident-Vrederegter aangestel; en hy het toe op die dorp gaan woon. Getrou en met waardigheid het hy die betrekking beklee, maar hy moes later op pensioen aftree, omdat hy blind geword het. Toe het hy teruggegaan na Nuwejaarsfontein. In Oktober 1891 is hy daar oorlede en begrawe.



OU STOEL

IN BESIT VAN DIE FAMIELIE DE WET, TANS IN BESIT VAN DIE HEER D. C. DE WET.

# HOOFSTUK III.

## Die Transvaalse Vryheidsoorlog.

Dit was al gedurende 'n geruime tyd dat daar deur die hele Suid-Afrika onruswekkende gerugtes rondgegaan het in verband met die Suid-Afrikaanse Republiek, en in die begin van 1880 pak die onweerwolke oor die Republiek meer en meer in die politieke hemel saam Van tyd tot tyd word daar in die venynige Engelse pers gewag gemaak van die onbeholpenheid van die Transvaal Dit word beweer dat die Regering bankrot is, en ook geen gesag meer uitoefen nie, nie alleen binnenslands nie, maar ook daarbuite. Tog, al was dit dat dit oral verkondig is, het weinige vermoed dat die selfbestaan van die Suid-Afrikaanse Republiek op die spel was In die Vrystaat was dit nog minder as in die orige gedeeltes van Suid-Afrika die gedagte Toe die tyding dus kom dat die Broeder-Staat van sy onafhanklikheid deur Engeland beroof was, het dit vir elkeen geweldig geskok

Christiaan de Wet was op 'n dag besig op Dewetsdorp met die stapel van 'n klipmuur. Sy vader was op Bloemfontein gewees, en in die hoofstad het hy gehoor wat daar aan die oorsy van die Vaalrivier gebeur het.

„Shepstone," so sê hy aan sy seun, „het die Transvaal geannekseer."

Meermale het generaal De Wet gespreek van hierdie mededeling van sy vader aan hom: „Ek herinner my goed," het hy gewoonlik verhaal, „dat ek met my hand op 'n klip wat ek net op die muur gelê het, so geweldig geslaan het, dat dit my erg pyn aangedoen het, met die woorde: ‚Transvaal sal moet terugkom!' "

Hierdie anneksasie van die Transvaal, soos elke leser van die geskiedenis weet, is nooit deur die Regering van die Suid-Afrikaanse Republiek goedgekeur nie—nog minder het die nasie daarin berus. Ja, die daad van geweld deur Engeland is deurgevoer onder die uitdruklikste protes van die Regering. Die Regering het ook, tegelyk met sy protes, besluit om 'n deputasie na Engeland te stuur, om die regte van die Transvaal te verdedig Die antwoord van die Minister van Kolonies was dat hy onmoontlik in diskussies kon tree oor die wettigheid van die anneksasie. In die begin van die jaar 1878 het die Deputasie op Pretoria aan die volk verslag gedoen van sy sending. Daar is toe in die volgende jaar 'n volksvergadering gehou op Doringfontein. Baie mense was daar, wat dadelik na die wapen wou gryp; maar die leiers het met nadruk op die punt gestaan dat alles eers moes aangewend word om op vreedsame wyse die anneksasie vernietig te kry. Toe is daar 'n twede gesantskap na Engeland gestuur, maar dié het ook niks kon uitrig nie.

En nou is daar 'n reeks van groot vergaderinge van die begin van Januarie 1879 tot die einde van 1880 gehou op Wonderfontein, en die laaste op Perdekraal, waarop dit duidelik aan Engeland getoon was · Ten eerste, dat dit vir die volk erns was om sy vryheid terug te kry, en, ten twede, dat dit die begeerte was, by name van die voormanne, dat dit op vreedsame manier moes geskied.

Kort ná die anneksasie, het Christiaan de Wet na die distrik Vredefort getrek. Met sy handelstogte en transportry het dit so voorspoedig gegaan, dat hy 'n klein plasie, Vaalbank, in daardie distrik kon koop. Nadat hy 'n paar maande daar gewoon het, het hy dié grond van die hand gesit, en vir hom 'n plaas in die distrik Kroonstad aangeskaf. Dit was Weltevrede. Op hierdie plaas is dit dat die dorp Koppies later gestig is!

Hy het nou geleentheid gehad om van hierdie plaas die groot vergaderinge by te woon, waarop daar teen die anneksasie van die Suid-Afrikaanse Republiek geprotesteer is. Hierdie samekomste was meestal bestel op die groot Rand, waar niemand dit toe kon gedroom het dat daar, onder die oppervlakte, 'n onskatbare rykdom van goud lê nie—'n rykdom wat in die toekoms van die Transvaal vir die land groter gevaar sou baar as alles waarvoor die warme vaderlanders daar toe so kragtig geprotesteer het.

In Augustus 1880 het De Wet oor die Vaalrivier getrek, en in die distrik Heidelberg, op die plaas Rietfontein, gaan woon Daar was mense wat dit vir hom sterk afgeraai het om na die Transvaal te gaan, omdat hul vir hom verseker het dat daar oorlog in die land sou uitbreek. Daarop het hy geantwoord dat, of hy in die Vrystaat sou bly, en of hy in die Transvaal vir hom sou gaan neersit, dit geen onderskeid sou maak nie: hy sou tog aan die oorlog deelneem, as dit tot 'n botsing met die Suid-Afrikaanse Republiek sou kom.

Nadat Transvaal alle poginge aangewend het om die onafhanklikheid te herkry, het dit tog eindelik geblyk dat alles wat in die werk gestel was, tevergeefs was Toe breek die 8ste Desember aan. Paul Kruger het op dié dag die volk byeengeroep op Perdekraal,

en daar is toe besluit om nie meer die Engelse Regering in die land te gedoe nie, en om die eie ou Regering van die Republiek in die land te herstel

Groot was die geesdrif. Christiaan de Wet was teenwoordig Hy sê dat Paul Kruger geweet het om die regte snaar aan te roer. Hy het die mense opgewek tot die oprig van 'n stene monument. Elkeen moes 'n klip aandra as 'n belofte dat hy getrou sou wees, en dat, as dit nodig sou word, hy ook die hoogste offer sou bring vir die onafhanklikheid van sy land. So rys dié dag daar 'n „opgerigte teken " op, en Perdekraal word een van die heiligdomme van die Afrikaanse volk!

Op Perdekraal was daar besluit dat die Regering sy werksaamhede sou hervat, en Paul Kruger het die Volksraad tot 'n buitengewone sitting opgeroep op 13 Desember. Daar is toe 'n Driemanskap aangestel, bestaande uit Paul Kruger, M W. Pretorius, die voormalige President, en Piet Joubert. Daar was ook besluit dat die laer op 15 Desember van Perdekraal sou vertrek na 'n plaas waar die vlag van die Republiek sou gehys en die setel van die Regering gevestig word.

Op 16 Desember 1880 is dit op Heidelberg geskied.

Dit het nie lank geduur nie of 'n mag van 1,500 man onder kommandant-generaal P. Joubert het na die grens opgetrek, tussen Transvaal en Natal.

Christiaan de Wet was in hierdie kommando. Toe hy later van sy ondervindinge in die Vryheidsoorlog vertel het, het hy melding gemaak van die gloed wat daar in elke burger gebrand het. Niks kon die geesdrif verdoof nie—ook nie die buitengewoon ongunstige weersgesteldheid nie—want dit het onophoudelik gereen. In die somer van 1880-1881 het daar

byna nie 'n dag verbygegaan nie of daar het stortbuie van omhoog gedaal. Dit was amper nooit anders of die Vaalrivier het buite sy oewers gelê.

De Wet het onderhoudend vertel van die trek na die grense Daar was 'n wag van 200 man, wat generaal Joubert gelaat het om die Engelse garnisoen wat op Standerton was, vas te lê. De Wet self was met 'n perdekommando wat vooruitgegaan het. Dié kommando is omtrent 'n halfuur bokant Standerton die Vaalrivier deur. Die stroom was sterk, maar die drif breed en vlak, sodat die manskappe veilig die oorsy bereik het.

Toe hulle oor 'n bultjie gaan, kom hul onverwags uit op 'n sestal Engelse soldate. Twee van dié is doodgeskiet: die ander het in die vlug ontkom. In die sakboekie wat op die liggaam van een van die dooies gevind was, het daar opgeteken gestaan: „Ek vertrek heden, met vyf man, om die beeste van Erasmus te gaan inbring."

„Sy ,heden '," het De Wet opgemerk, „het vir hom iets anders gebring."

Hierdie kommando het 'n tydjie gelê naby Wakkerstroom, om te sien wat die beweginge van die Engelse troepe sou wees. Dit was 'n bittere tyd, in die aanhoudende reen, wat die manne daar moes deurmaak Alles was so pap getrap, dat die burgers van die laer wat daar 'n tydjie gestaan het, as „Die Modderlaer" gespreek het.

Sir Pomeroy Colley het aan die voet van die Drakensberg gelê met 1,500 troepe en 8 stuks grofgeskut; en dit was duidelik dat dit sy plan was om deur te breek oor Laingsnek omtrent 25 myle ten noorde van Newcastle.

Toe kommandant-generaal Joubert met sy hele mag op die grens kom, het hy sy hoofkwartier gevestig 'n weinig noord van waar die wa-pad oor die nek gaan. Die kommando van Heidelberg, waaraan Christiaan de Wet behoort het, het aan die linkerhand van die pad gelê.

Dit sou nie lank duur nie of die slag van Laingsnek sou plaasvind.

Dit is wat De Wet van sy ondervindinge meedeel.

„Die spioene het rapport gebring dat die Engelse na 'n punt optrek ongeveer waar die spoorwegtonnel later sou deurgegraaf word. Ná sononder het generaal Joubert my gestuur met 200 man—ek was vir dié geleentheid Waarnemende Kommandant—om op die nek posiesie te neem, en dan daarvandaan rapport te doen van die beweginge van die vyand. Ek het daar in die nag gekom. Dit het sag en aanhoudend gereen. Ons was naderhand deur-en-deur nat, en dan het daar ook so 'n bitter koue oostewind gewaai. Die assistent-veldkornet Buys, sien ek, dreig om te verkluim. Ek moes 'n plan maak om dit te voorkom, en toe het ek 'n klomp burgers so dig as moontlik aan mekaar laat sit, met Buys in die middel. Dit was sy behoud.

„Die volgende môre het die Engelse opgeruk tot na Mount-Prospect. Hiervan is dadelik rapport gedoen, en die kommando's van generaal Joubert het daarop posiesie geneem op die nek. Op 28 Januarie het die vyand ons posiesies bestorm. Waar ek met my manskappe was, het die nek skielik geval na die kant van Natal. Een deel van die Engelse mag, wat ek nou maar die Bloubaadjies sal noem, het reg na die posiesie opgeruk waar ek met my manskappe was, maar hulle het gestop in die holte net vlak onder die steilte waar die nek skielik val—op so omtrent 800

tree van ons af. Die ander Engelse troepe—ek gee aan hulle die naam van Rooibaadjies, soos hulle ook deur ons almal toe genoem was, om hulle te onderskei van die ander—het genader, wel 'n duisend sterk, na die stellinge van generaal Niklaas Smit. Van weerskante was daar 'n geweldige skietery.

„Ek het my mense op die rand laat lê op 'n ry, verwagtende elke oomblik 'n aanval van die Bloubaadjies, terwyl ons, intussen, vreeslik bestook is deur die Engelse kanonne. Gelukkig was die rand so gevorm, dat hulle te kort of oorheen skiet. Ek het op- en afgegaan op die posiesie, om te sien of my burgers behoorlik neffens mekaar lê, sodat dit nie sou gebeur dat 'n man wat agter lê, sy maat wat vóór hom is, sou kan skiet nie. Daar kom ek op 'n klein kêreltjie af by die voete van 'n ander burger.

‚Sal jy vorentoe!' roep ek hom toe.

‚Ag, veldkornet,' sê hy in sy angs, ‚ek is al klaar dood, laat my liewerste na die perde gaan.'

„Ek gee hom 'n raps met my sambok. ‚Toe vrotte,' sê ek, ‚loop na die perde toe; en as daar fout kom, met net soveel as een van die tooms, sal jy dit gewaar'

„Generaal Joubert het daar op- en afgegaan op die nek. Toe ek nou verwag dat die Bloubaadjies ook sou storm, het ek vir die Generaal so goed as met geweld aan die hand gegee om na 'n kant van die stelling te gaan, op 'n hoe punt, by groot klippe wat daar was, van waar hy die geveg sou kan bestuur, en sy orders deur sy adjutante aan ons stuur

„Die Rooibaadjies het geklim en geklim, maar die vuur en die raakskiet van ons mense was vir hulle te bitter straf. Hulle moes die aftog blaas. Toe die Bloues sien dat die Rooies wyk, trek hulle ook terug


„Die aanval was misluk.

„Ek gaan toe na die perde, en ja, daar sien ek die klein kêreltjie, as bestorwe! Hy hou so veel tooms as dit maar moontlik vir hom was om in sy hande te vat, maar van wat daar alles op dié dag op die nek plaasgevind het, het hy nie die flouste idee gehad nie"

Generaal De Wet, waar hy van sy ondervindinge in die Vryheidsoorlog vertel, vestig gedurig die aandag op die groot reens wat toe geval het. Die gevaar van blootgestel te wees aan die gure onweer, het hy veral kort na die slag van Laingsnek ondervind Dit was sy beurt op 'n nag om met 'n brandwag op die nek deur te bring Dit reen weer onophoudelik, en hy bemerk dit, dat meer as een van sy manne dit dié nag nie teen die nat koue sal kan uithou nie Nou was daar 'n lee strooihuis, nie ver van waar die klompie burgers is nie Hy durf dit nou aan om binnekant van die hut, waar die strooi droog is, 'n vuurhoutjie te steek. Eers rook dit 'n bietjie, maar toe begin die vuur uit te slaan, en gou-gou is daar sulke groot vlamme, dat alles in die donker nag verlig is. Die hitte is ook so groot, dat die burgers nie alleen warm word nie, maar ook al verder van die vlamme moet gaan staan.

Dit was natuurlik 'n groot waagstuk om dit te doen, want die punt waar die vuur brand, met die burgers daar rondom, was alles in gesig van die vyand, maar hy het tog so die lewe van meer as een gered Die volgende dag het hy aan generaal Joubert rapport gedoen. Al wat die Generaal gesê het, was: „Jul moet versigtig wees!"

'n Rukkie het die Engelse nou stil gelê op Mount-Prospect, en die Transvaalse magte, weer, het op die Engelse gewag. Maar dit het nie lank geduur nie of



Vrederegtersgebou, Dewetsdorp. Jacobus I. de Wet staan in die deur regs.

daar kom berig dat daar versterkinge opruk van Pietermaritzburg Generaal Joubert stuur toe vir generaal Nikolaas Smit met 200 man om te verhinder dat die versterking hom met Colley sou verenig, en ook om die ammuniesie en die prowiand af te neem. Generaal Smit het links van Colley omgetrek, en Christiaan de Wet het met hierdie kommando saamgegaan. Colley het van hierdie beweging van die Boere te wete gekom, en het uitgetrek om die kommando te stuit. Dit het tot tref gekom aan die Ingogorivier op 8 Februarie. Daar het 'n hewige geveg plaasgevind. Die Engelse het die Boere met grofgeskut verskriklik bestook, maar van die kanonniers is baie neergeskiet by hulle stukke Die geveg sou aangehou het, maar in die namiddag het daar 'n hewige donderstorm losgebars, en alhoewel daar nog van weerskante geskiet was, kon daar maar min uitgevoer word. Toe dit donker word, het generaal Smit teruggetrek na 'n bult ten noorde, waar hy 'n vreeslike nag in aanhoudende swaar reen deurgebring het.

Die volgende môre het generaal Smit vir De Wet tot enige manne gestuur om te sien hoe sake staan De Wet gee van sy bevindinge die volgende verhaal :—

„Ek het gehoorsaam, maar ek het tog onrustig gevoel, want daar lê 'n dik misbank op die aarde, en ek kon geen tien tree voor of agter my sien nie.

„Ek gaan verby die plek waar ons posiesies was, en al verder voort, totdat ek meen dat ek naby die Engelse stellinge moet wees Al verder gaan ek. Ek kan maar min sien. Meteens, ja, daar hoor ek iets! Dis 'n gekreun—die gekreun van gewondes. Ek gaan al nader, en kom op gekweste soldate af. Ek hoor toe dat die Engelse in die nag teruggetrek en die dooies

en gewondes agtergelaat het. Ek laat dit aan generaal Smit weet. Spoedig is die Boere op die plek, en ons het alles wat in ons vermoë was, gedoen vir die gewondes, totdat die Engelse self, op versoek van hul bevelhebber, die dooies kon kom begrawe en die gewondes verpleeg.

„Terwyl ek tussen die dooies en gewondes loop, kom ek af op een van ons manne wat besig is om die vinger van 'n gesneuwelde soldaat af te sny, om 'n ring wat daaraan is, af te kry. Dit was vir my 'n afskuwelike ding dat die lyk van 'n gevalle soldaat so vermink moet word. Dit skeel nou ook nie veel nie of ek het die burger onder die sambok gekry. ‚Dink aan Achan,' sê ek aan hom; ‚begraaf die dooie met sy ring, al is dit ook honderd pond werd.' "

En nou sou dit nie lank meer duur nie of die slag van Amajoeba sou 'n deel van die geskiedenis van Suid-Afrika word. Laat die verhaal van generaal De Wet ook hier weer volg :—

„Strenge orders is daar deur generaal Joubert gegee dat daar elke nag 'n brandwag moes uitgaan op die berg, maar op Saterdagaand, 26 Februarie, was die brandwag ontrou, en het maar 'n klein entjie die berg uitgeklim.

„Toe dit lig word, die volgende dag, word daar van bo op die brandwag geskiet. Daar gewaar ons in die laer dat dit Engelse is, wat in die nag op die berg geklim het. Generaal Joubert het kort en bondig gesê : ‚Julle gaan en haal hulle daar af.'

„'n Klein klompie het toe die berg beklim. Daar was as leiers die veldkornette Johannes Roos en Joachim Ferreira, ook assistent-veldkornette S Trichardt en D. Malan.

„Ons het vir ons in drie verdeel. Ek was met die klompie wat noordoos opgeklouter het. Dit was steil—so steil soos ek selde 'n berg beklim het. Somtyds moes daar aan polle gras gegryp word om op te kan kom. Maar ons klim—en dit onder die gedurige skiet van bo, ons klim al hoër en hoer. Op die platte van die kante, bo-op die berg, het die troepe klein klipskansies gepak, en daaruit het hulle vir ons, toe ons amper bo was, geweldig bestook—maar niks kon ons keer nie, en ons is ten laaste op die berg. Toe was daar 'n geweldige vuur van weerskante, maar dit het nie lank geduur nie. Daar vlug die Engelse. Ons is agter hul in, en skiet hulle waar hulle die berg anderkant af hardloop, totdat hulle buite skot was.

„Bo was daar 'n holtetjie op die gelykte van die berg, en daar was water. Toe ek terugkom, was die Engelse wat nie gewond was nie ('n hele klomp het hulle as lyke aangestel toe ons die vlugtende soldate ja), besig met water vir die gewondes aan te dra. By een van die skansies lê daar 'n dode.—,Daar is Colley,' hoor ek. Hy het nog 'n paar maal na sy asem gehyg—en toe was hy dood. Dapper het hy aan sy dood gekom, want hy lê by die voorstes wat doodgeskiet was

„Die troepe kon nou die dooies begrawe, maar die lyk van generaal Colley het ons laat afdra na die laer. Op versoek van die Engelse bevelvoerende offisier het ons Kommandant-Generaal die lyk aan die Engelse afgegee."

Dit het nou nie lank geduur nie of die onderhandelinge, wat al aan die gang was, word voortgesit. President Brand het op 3 Maart 'n telegram gestuur na generaal Wood, waarin hy gevra het of daar nie 'n plan kon uitgedink word waarop daar 'n stilstand van wapens kon wees om also geleentheid te gee om te

onderhandel nie, en so is dit gebeur dat Joubert vir Wood op 6 Maart ontmoet het. Dit is toe besluit dat daar 'n wapenstilstand vir ag dae sou wees, sodat daar kans sou kan gegee word dat Paul Kruger ook teenwoordig kon wees op 'n konferensie op 14 Maart.

De Wet verhaal dat aan 'n aantal burgers wat nie te ver woon nie, verlof gegee was om huis-toe te gaan. So het hy ook sy vrou en kinders 'n paar dae kan gaan besoek.

Toe hy by sy huis kom, vind hy dat sy eggenoot in sy afwesigheid die toevlug by 'n buurvrou moes gaan neem. Teen die groot reens was haar huisie nie bestand gewees nie Dit het gedreig om ineen te stort, kort ná haar man weg was, maar sy het dit gewaag om in haar woning te bly, hopende dat die reen sou ophou; maar dit wou maar nie opklaar nie. Toe sy ten laaste sien dat haar huis nou klaar staan om in te val, sit sy haar kindertjies op 'n ligte, oop buggie, waar sy twee ossies voor gespan het. 'n Kaffertjie het gelei en sy het gedryf, en so is sy voort na haar vriendin. Daar kom hulle by 'n spruit. Ongelukkig het die karretjie geen rem nie, en die ou rytuigie loop die afdraand so geweldig vinnig af, dat mevr. De Wet uit vrees haar asem ophou, en wat is haar angs nou groot waar sy dit sien dat met die holder-de-bolder afdaal in die spruit haar oudste seuntjie voor afval, en sy dit voel dat die wiel oor hom gaan. Gelukkig, toe die karretjie onder was, en sy kon afklim en na haar kind gaan, vind sy dat hy niks ergers oorgekom het nie as 'n tydelike vaal streep oor sy maag te kry.

„In die afwesigheid van my man het ek veel te doen gehad: Ek moes sorg vir die gesaaide; ek moes die koeie melk, en die skape wat bloutong kry, dokter; maar ek het daar niks van gedink nie. Dit sou iets anders word wat ek later sou moet deurmaak."

Christiaan de Wet was op sy tyd terug in die laer. Die onderhandelinge het geduur van 16 tot 23 Maart. President Brand het eers op 20 Maart aangekom. De Wet, waar hy verhaal van die neutraliteit van die Vrystaat, sê dat daar nieteenstaande dit 300 Vrystaters was wat as vrywilligers aan die oorlog deelgeneem het. Hulle laer was sowat driehonderd tree opsy van die hooflaer Toe president Brand na die Konferensie verby die Vrystaters gaan, het sy mense vir hom toegestroom om hom te groet. Toe was dit dat hy, soos sy gewoonte was om 'n sin te herhaal, aan hulle gesê het: „Stout kinders, stout kinders!"

Die onderhandelinge was op 23 Maart verby, en op die 24ste is daar 'n groot danksseggingsdiens gehou, wat gelei was deur di. Van Warmelo en Ackerman. Van ds. Ackerman het De Wet gesê dat sy teenwoordigheid op kommando seer op prys gestel geword het. As hy nou en dan afwesig was, het die manskappe danig gevra: „Wanneer kom mnr. Ackerman weer?"

Na die diens het generaal Joubert die burgers afgedank, en ook vise-president Kruger en M. W. Pretorius het die manskappe toegespreek.

Die volgende dag was dit skoonveld.

## HOOFSTUK IV.

### TERUG NA DIE VRYSTAAT.

Die eerste saak waaraan De Wet nou sy aandag gegee het, was sy woonhuis. Hy het vir hom nou 'n klein klipgeboutjie van drie vertrekke gemaak, sonder dat hy met die bou hulp van iemand gekry het.

Spoedig ná die sluiting van die vrede het die Driemanskap bepaal dat daar 'n algemene veldkornetverkiesing sou plaasvind. In die wyk Rooikoppies, distrik Heidelberg, waarin De Wet gewoon het, is, op die vergadering wat vir dié doel bepaal was, twee kandidate genomineer—De Wet en 'n ander. Toe die stemlyste op die tafel lê om geteken te word, is De Wet die eerste om dit te doen. Hy gee sy stem vir die ander kandidaat, en toe hy by die deur uitgaan, sê hy :

„Almal wat vir my liefhet, moet vir die ander kandidaat teken, want ek wil liewers nie veldkornet wees nie."

Die afgetreë veldkornet het hom spoedig na die deur gevolg, en toe hy buite kom, sê hy aan hom · „Ek het vir jou lief, en daarom het ek vir jou geteken."

Met 'n groot meerderheid is hy tot veldkornet gekies.

Sestien Desember was spoedig weer daar—die dag nie alleen waarop die volksbelofte deur Sarel Cilliers gemaak om die dag van uitredding aan Bloedrivier in 1838 dankbaar te herdenk nie, maar ook die dag waarop 'n jaar gelede die vlag gehys en die

Regering op Heidelberg gevestig is. 'n Twede groot uitredding is daar gewees, en die historiese dag kon nie ongemerk verbygaan nie. Die Driemanskap het 'n groot dankfees op dié dag bepaal op Perdekraal, en versoek dat soveel moontlik die hele volk, man, vrou en kind, daar teenwoordig sou wees. De Wet is met sy hele familie daarheen.

Wat was die vreugde van die opgekome skare groot, waar daar nou gedank was vir die herstel van die onafhanklikheid! Daar was nuwe lewenslus, en lewensmoed, en lewenskrag. Weer is daar stene aangedra—elkeen, man, vrou en kind, het sy klip, wat die simbool was van sy dankbaarheid en toewyding, op die groot steenhoop gewerp. Daar was 'n wonderlike intensiteit in die feesviering. Die volk het daar tot nog dieper bewussyn van sy selfstandigheid gekom, en dit ondervind dat dié bewussyn geworteld was in sy Godsbewussyn.

Daar was iets anders, iets van persoonlike aard, vir Christiaan de Wet op hierdie fees: dit was die inswering van die veldkornette. Hy sê dat die toespraak van oud-president M. W. Pretorius by dié geleentheid op hom 'n blywende indruk gemaak het. Pretorius het lank nie die pittige, kragtige seggingskrag van Paul Kruger gehad nie, of die wegslepende welsprekendheid van Piet Joubert nie, maar sy byna stamelende woorde was vir hom nou van die meeste nut. Onder ander het hy dit gesê: „Veldkornette, moet tog nooit uitspraak doen voordat julle albei kante gehoor het nie."

Dikwels het De Wet ondervind hoe nuttig dit vir hom was, in die vervulling van sy pligte as veldkornet, dat oud-president Pretorius op hierdie regsbeginsel nadruk gelê het by sy inswering.

Al in die begin van sy amptelike werksaamhede het De Wet 'n lastige taak gehad om te vervul: Dit was om die agterstallige Kafferhutbelasting in te vorder Hy het al sy kragte daaraan gewy, en toe hy alles agter die rug gehad het, vind hy dat die bedrag deur hom gein, die som van £630 was—byna alles in silwer. Dit het iets vir hom beteken om die sware sak vol van „harde geld" na Pretoria te neem, en daar aan die tesourier-generaal in te betaal.

'n Amusante voorval was daar ook in verband met sy veldkornetskap: Hy moes 'n vergadering bepaal vir die kies van 'n raadslid, en hy het dié bestel aan 'n seker woning in sy wyk. Toe hy deur die eienaar van die plaas in die voorhuis ingebring word, stel hy hom aan sy vrou voor, met die woorde:

„Dis ons ou veldkornetjie."

„So!" antwoord die waardige vrou op strenge toon. „Is dit jy wat so brutaal is om in my huis 'n byeenkoms te bepaal sonder my eers te vra?"

„Tante," sê De Wet daarop, „gee my maar 'n snuifie. Ek het meer verstand gehad as om tante te beledig deur eers permissie te vra. Dit sou bewys dat ek geen vertroue in tante gehad het nie"

Hierdie antwoord het genade in die oe van die goeie gasvrou gevind. Dadelik ontplooi haar strak gelaat, en as sy ook 'n grief in haar gemoed gehad het, was daar nou niks meer tussen haar en die veldkornetjie nie

Ná twee jare het De Wet bedank as veldkornet, omdat hy dit onprakties gevind het om van die plaas Suikerboskop, in die distrik Lydenburg, waarheen hy getrek het, veldkornet van Rooikoppies te wees. Op Suikerboskop het hy twee jare gewoon Toe het hy

'n besoek aan die Vrystaat gebring. Maar voordat hy weg was, het die burgers van die distrik hom 'n rekwisiesie tot Raadslid oorhandig. Hy het die rekwisiesie aangeneem, en, sonder meer, op reis gegaan. Dit was dan ook nie nodig dat hy eleksie-vergaderinge sou hou nie, want in die goeie ou dae het 'n kandidaat vir die Volksraad nooit vir homself ingelaat met sy verkiesing nie. Ná 'n rekwisiesie in die hande van die kandidaat was, het die kiesers self te werk gegaan. Dit was so, dat die publiek dit seer sterk sou afgekeur het dat die aspirant-Raadslid op die stemdag by die stemming selfs teenwoordig sou wees.

So is Christiaan de Wet dan op 'n besoek Vrystaat-toe. Toe hy op die plaas van sy vader, Nuwejaarsfontein, enige dae was, besluit hy om sy grond in die Transvaal van die hand te sit, en Nuwejaarsfontein van sy vader te koop.

Ná enige weke is hy weer in die Transvaal terug, en daar ontdek hy dat hy tot Volksraadslid gekies is. Dit bring hom in die moeilikheid, want as hy nou sou bedank, dan sou daar vóór die sitting van die Volksraad geen tyd wees om 'n lid in sy plek te kies nie, en die afdeling waarvoor hy verkies was, sou dan in die Raad nie verteenwoordig kan wees nie. Hy het toe besluit om eers die sitting van die Volksraad by te woon, en daarna na die Vrystaat te verhuis.

In hierdie vergadering van die Transvaalse Volksraad—dit was van die jaar 1885—het De Wet die konsessie-planne van president Kruger, in verband met die goudvelde, sterk teengegaan. Hy het ernstige beswaar daarteen gehad dat daar konsessies sou gegee word aan private persone. Die voorkeur het hy gegee daaraan dat die delwerye publiek sou wees, maar hy

sê dat hy later van sienswyse verander en tot die oortuiging gekom het dat president Kruger reg was.

Die aand voor hy vertrek van Pretoria, gaan hy vir president Kruger groet. Hy vertel hom dat hy grond gekoop het in die Vrystaat, en dat hy nou klaar is om daarheen te gaan.

„De Wet," sê die President aan hom, „ek het gesien dat jy ons in die Volksraad op punte teengestaan het, maar ek het jou darem lief gekry. Waarom wil jy nou gaan trek?"

'n Jaar of twee, drie daarna moes De Wet met besigheid in Pretoria wees. Dit was in die tyd toe daar veel gespreek was oor Nouere Vereniging. Hy het toe aan president Kruger 'n besoek gebring Net toe hy hom groet, vra die President hom:

„Waar woon jy nou?"

„In die Vaalrivier," is sy antwoord.

„Skep leeg!" sê Paul Kruger daarop.

## HOOFSTUK V.

### VOLKSRAADSLID.

Christiaan de Wet is dan eienaar geword van sy vader se plaas. Hy het hom dadelik, met die inspanning van al sy kragte, gewy veral aan die landbou Die ou lande wat hy in die eerste jare ná sy huwelik besaai het, het hy nou weer bewerk; en hy het dit op grote skaal gedoen, as die tyd waarin hy toe geleef het in aanmerking geneem word. Daar was nog maar net die enkelvoor-ploee in gebruik. So het dit veel tyd en arbeid gekos om 'n land bereid te maak om besaai te word. En tog het hy in een jaar nie minder as 900 sakke graan gewin nie. Hy is ook in sy veeboerdery voorspoedig gewees.

Dit was kort nadat hy in die Vrystaat terug was en sy aandag aan sy daaglikse werk byna sonder tussenpose gewy het, dat die gemoedere van die burgers bewoë geword het met kwessies in verband met die tolverbond en die bou van 'n spoorweg dwarsdeur die land. De Wet was ten aansien van hierdie sake net so min teen 'n spoorweg as teen 'n tolverbond op sigself beskou. Wat hy beswaar in gehad het in verband met die tolverbond, was die terme waarop dit voorgestel was om dit te sluit. Soos die terme eers opgestel was, het hy gevrees dat die Vrystaat, soos hy dit uitgedruk het, „aan Engeland sou vasgeknoop word." Dit was die „Britse konneksie" wat hy daarin gesien het, wat hy as noodlottig beskou het vir die

onafhanklikheid en die onbelemmerde ontwikkeling van die Staat. Wat die spoorweg betref, het hy gevoel dat daar behoefte aan was dat die Vrystaat in verbinding sou gebring word met die groot markte. Dit het hy ingesien as 'n man wat elke jaar veel graan gewin het en wat ook vee gehad het om te verkoop. Maar hy het ook 'n ope oor gehad vir wat daar teen die bou van 'n spoorweg ingebring was, en hy kon dit verstaan dat daar baie mense was wat gesê het dat dit later sou kan blyk dat die spoorweg gebou was om die troepe van die vyand te vervoer en dat dit sou kan ontdek word as dit te laat was, dat die prys wat die Vrystaat vir sy spoorweg betaal het, sy onafhanklikheid was.

Maar dit was die tolverbond waar hy dit die meeste op teen gehad het.

Groot was die ontsteltenis toe die kwessies deur die Volksraad sou bespreek word. Daar is vergaderings gehou deur die bevolking. De Wet het self met 'n protesterende kommando na Bloemfontein gegaan. Hierdie kommando het aan die oostekant van die stad gelê, en daar gebly, totdat die spesiale sitting van die Volksraad, wat oor die sake moes besluit, verby was. Die burgers is huis-toe gegaan toe hulle verneem het dat die terme gunstiger was as wat dit in die konsep voorgestel was.

In die volgende Volksraadsitting was De Wet self lid. Hy is gekies vir die wyk Bo-Modderrivier. Nee jaar lank is hy lid gewees. Hy spreek, as hy nog verhaal van dié dae, van die bekwame voorsitterskap van die heer J. G. Fraser, en met veel lof gewaag hy van die ongeewenaarde dienste wat die heer Abraham de Villiers as sekretaris aan die Volksraad bewys het Dit was toe geen kleinigheid om sekretaris van die

hoogste Raad van die land te wees nie toe dié amptenaar nie alleen die voorstelle wat daar gedaan is, moes notuleer nie, maar ook 'n opsomming moes gee van elke toespraak wat daar gehou is.

Tot 1898 is hy lid gebly.

In die werksaamhede van die Volksraad het hy lewendige belang gestel. Hy het hom op die hoogte van sake gehou, en 'n ruime blik gewerp op die kwessies waaraan die Raad die aandag gewy het.

In verband met die drankhandel het hy 'n besliste houding ingeneem. In die sitting van die Volksraad waarin hy vir die eerste maal verskyn het, het hy Ordonnansie No. 10, 1883, wat verbied dat daar buitekantiene sou bestaan, sterk verdedig. Hy het daarop gewys hoe veel beter dit in die buitewyke in die Vrystaat gesteld was as in die Transvaal. Daar moes, het hy gemeen, geen bemoediging gegee word aan enige poging om die wet af te skaf nie. Daarenteen was hy van gevoele dat die terme van dié wet verskerp moes word.

In hierdie sitting het hy geleentheid gehad om te spreek oor transportry. Hy het dit as 'n seen geag dat dié bedryf langsamerhand uit die hande van blanke mense sou gaan, en daarom het hy verklaar dat hy nie sy stem daarvoor sou gee nie dat daar belastinge op kleurlingtransportryers sou gelê word.

Wat spoorwee aangaan, het hy, soos reeds gesê is, 'n ruime standpunt ingeneem. In die meeste gevalle, as daar 'n voorstel voor die Raad gekom het dat daar 'n nuwe spoorweg sou gebou word, het hy ten gunste daarvan gespreek. Dit was die geval in verband met die Harrismithse spoorweglyn in 1894. Ook was hy ten gunste van 'n lyn van Bloemfontein na

Kimberley, en vir lyne deur die graandistrikte, op voorwaarde, egter, dat Basoetoeland nie langer in die Tolverbond sou deel hê nie. Hy het 'n voorstel ingedien dat daar, in oorleg met die Regeringe van die Kaapkolonie en die Suid-Afrikaanse Republiek, vermindering sou aangebring word in die spoorwegtariewe En in 1896 het hy gespreek ten gunste van die oorneem van die spoorwee deur die Staat.

Hy het nie sy doel bereik in verband met die protokol wat daar bestaan het tussen die Vrystaat en Basoetoeland ten aansien van die invoer van graan nie. Hy het, naamlik, voorgestel dat aan die Waarnemende President sou opgedra word om die protokol met Brits Basoetoeland, na verloop van twaalf maande, te doen ophou om te bestaan. Met nadruk het hy daarop gewys dat Engeland sy eetware protekteer, nieteenstaande dat nee-tiendes van die bevolking van die land geen produseerders is. Hy het aangetoon dat Amerika dit ook doen. Waarom sou die Vrystaat ook nie dié weg kan inslaan nie, waar nee-tiendes van die inwoners produseerders is? Waarom sou die Vrystaat vir hom nie teen Basoetoeland kan beskerm nie? Hy was nie teen 'n „gelykdrukkende Tolverbond" nie, maar met die bestaande, eensydige kon hy nie vrede hê nie.—Sy voorstel is nie aangeneem nie.

Dit is seker nie algemeen bekend nie dat hy die voorstel gesekondeer het van J. A. Vorster dat regter M. T. Steyn deur die Volksraad as Kandidaat vir die Presidentskap aan die volk sou aanbeveel word.

Tot die Kerk was sy verhouding altyd 'n baie hartlike. Hy het, in een van die sittinge, voorgestel dat, in antwoord op 'n memorie van die Neder. Geref. Kerk, die toelaag van die Staat vermeerder sou word.

In verband met 'n ander versoek van die Kerk insake betere heiliging van die Sondag, het hy 'n toespraak oor Sondagsheiliging gehou. Hy het geag dat dit verkeerd is om deur gevangenisstraf en boete die wette van God uit te voer. Hy was van gevoele dat die goddelike wet geen uitsondering toelaat nie. Daarom het hy die vertroue uitgedruk dat die Volksraad 'n wet sou maak wat die loop van treine op Sondae, en ook van poskarre, sou verbied, ook werksaamhede op pos- en telegraafkantore. Hy het dit daarvoor gehou dat dit 'n ongerymdheid sou wees om die burgery te belet om op Sondag net sekere dinge nie te doen nie; want die burgery sou daaruit kan aflei dat Sondagsontheiliging op ander maniere gewettig is.


Op die strenge handhawing van die taal van die land het hy altyd aangedring. Die mees gewaardeerde kleinood van 'n volk is sy taal. Toe daarop gewys is dat in die Grey-Kollege aan dié taal sy regmatige plaas in die onderwys nie gegee was nie, het hy geeis dat dit sou geskied. Erken het hy dat dit noodsaaklik is dat die opkomende geslag ook Engels sou leer, maar die volkstaal moet voor alle ander konsiderasies gaan. Die onafhanklikheid van 'n nasie gaan verlore as die nasie sy taal verwaarloos.

Vir armes en ongelukkiges het sy hart warm geklop. So het hy ten gunste daarvan gespreek dat die Volksraad 'n seker som beskikbaar sou stel vir die bewapening van behoeftige burgers. Dit sou ook tot voordeel van die Staat wees, omdat die behoeftiges, soos hy dit uitgedruk het, die helde in die oorlog is. Hy was ook daarvoor dat voorsiening behoort gemaak te word vir hulpelose blankes, en in die Sitting van 1895 het hy dit as sy gevoele uitgespreek dat dit

wenslik was dat daar 'n arbeidskolonie sou gestig word onder toesig van die Staat. Dit kan dan verstaan word dat hy, ook in 'n ander Sitting, daar sterk voor gepleit het dat daar deur die Volksraad behoor gehoor gegee te word aan die bede van die Vrystaatse melaatses, in hul memorie uitgedruk om van Robben-Eiland na 'n plek êrens in hul eie land verplaas te word. Dit was 'n hardheid, het hy gesê, om hulle te dwing om op Robben-Eiland te bly woon.

In verband met ekonomiese toestande het hy ook sake breed beskou. Hy het geag dat die oprigting van 'n suikerfabriek tot voordeel van die Vrystaat sou wees, en dat die tyd daarvoor gekom het. Dit was in die jaar 1897 dat hy dit in die Volksraad gesê het. Hy was van gevoele dat groot hoeveelhede van suikerbeet in die Vrystaat kon gekweek en daar in suiker omgesit word. 'n Voorstel het hy toe gedaan dat daar 'n kommissie sou aangestel word om die saak in oorweging te neem.

Dan het hy ook veel te sê gehad oor besproeiingswerke. Daar was ook oor die aanbou van brûe gespreek. De Wet het toe verklaar dat besproeiingswerke meer noodsaaklik was as brugbou. Hy het getoon dat as aan grondeienare die geleentheid gegee sou word om graan te verbou, dit die land in bloeiende toestand sou bring; want dan sou die arm man ook werk hê. Groot damme het vir hom die enigste redmiddel geskyn. Vir die nood wat daar in groot droogtes kom, moet daar voorsorgsmaatreëls geneem word. Hy was van gedagte dat daar 'n lening moes gesluit word om die nodige middele te verskaf vir besproeiingswerke wat doeltreffend sou wees. Daar val tog genoegsaam reen—maar dan moet die reënwater gekonserveer word.



Woonhuis op Dewetsdorp van die Vader van Generaal De Wet.

In die Sitting van 1895 het hy gespreek ten gunste van samewerking tussen die Republieke en die Kolonies in Suid-Afrika. Dit is merkwaardig dat hy, wat so 'n sterke vaderlander en republikein was, so 'n gevoel tot toenadering kon koester—maar dit is alweer 'n bewys van sy breë kyk op sake. Die skok was derhalwe geweldig toe Jameson die volgende jaar 'n inval in Transvaal gedoen het. De Wet het in die Buitengewone Sitting van 1896 hom skerp uitgedruk oor die verraderlike aanval, en sy vreugde daaroor te kenne gegee dat die burgers só gewillig was om tot hulp te snel, dat daar op die oewers van die Vaalrivier 'n Vrystaatse kommando gelê het. Die inval van Jameson het gelei tot die besluit van Nouere Vereniging met die Transvaal in die Sitting van 1896

In verband hiermee het dit ook gekom dat De Wet in dieselfde Sitting voorgestel het—en die voorstel is aangeneem—„om Zijn Hooged. de Staatspresident op te dragen het tractaat tot uitlevering van misdadigers in Augustus 1895 met Zijn Excellentie, de Hooge Commissaris ten behoeve van de Britsch Zuid-Afrikaansche Compagnie aangenomen, in termen van Art. 20 van het Tractaat, tegen een kennisgeving van zes maanden te doen eindigen."

In die volgende sitting van die Volksraad het De Wet dit as sy gevoele uitgespreek dat die verkryging van die stemreg deur vreemdelinge net so swaar behoor te wees in die Vrystaat as in die Transvaal; en dat die eed van getrouheid in sulke bewoordinge behoor opgestel te word, dat die vreemdeling wat dit wil neem, ook afstand doen van elke ander staat of vors.

Die gevoel wat die Jameson-inval opgewek het, saam met die moeite wat die vreemde bevolking in

Johannesburg in die lewe gebring het, het sy afkeer van die Tolverbond sterker as ooit tevore gemaak. Hy het dit uitgedruk as sy gevoele dat die Tolverbond behoort afgeskaf te word, en later het hy verklaar dat die konvensie wat aangegaan is met die Kaapkolonie en Natal, wel gunstig was op handelsgebied; maar hy was bevrees dat dit op politieke gebied tot nadeel van die twee Republieke sou strek. Hy het daarop gewys dat die heer Rhodes nie so lank tevore die twee Kolonies opgewek het om op kommersiële gebied tot mekaar toe te nader, en die bedoeling daarvan sou seker nie gewees het tot voordeel van die twee Republieke nie. Die Regering van die Kaapkolonie, het De Wet gesê, kon hy nie vertrou nie. Hy het 'n verenigde Suid-Afrika en 'n Tolverbond onder daardie omstandighede nie beskou in belang van die twee Republieke nie.

Christiaan de Wet het 'n ope oog gehad vir die gevaar wat daar vir die volk dreig van die kant van die Kapitalisme, en in verband hiermee het hy verklaar dat dit in belang van die Staat was dat alle betaalbare myne tot voordeel van die Staat en die burgery sou ontgin word, en dat dit daarom aan die kapitaliste nie moes toegelaat word om myne gesluit te kan hou nie

# HOOFSTUK VI

## ENGELAND EN DIE REPUBLIEKE.

In Desember 1895 het Jameson sy inval in die Transvaal gedoen. Christiaan de Wet het daarvan gehoor toe hy een môre op besigheid op Dewetsdorp kom. Hy is dadelik na sy plaas terug. Daarvandaan is hy na Bloemfontein, en met die trein na Pretoria, „gewapend," so het hy gesê, „klaar om Transvaal weer te help." Maar toe hy in die hoofstad van die Broeder-Republiek kom, was alles verby.

Nie lank het hy nou op Nuwejaarsfontein nog gebly woon nie. In 1896 het hy verhuis na die plaas Rooipoort, in die distrik Heilbron.

Die volgende jaar het die runderpes uitgebreek, en oral verskriklike verwoestinge aangerig. De Wet was ten gevolge daarvan baie besig, en hy het groot dienste bewys aan sy bure en ander deur die beeste oral waar hy kon, te ent. Dit het sy liggaamskragte seer uitgeput, en toe daar kort daarna 'n epidemie van maagkoors die inwoners van sy distrik geteister het, is hy ook deur dié siekte aangetas geword. Sy geval was 'n baie ernstige. Ook sy vrou en twee van sy kinders het die koors gekry. Dit was 'n sorg-wekkende tyd Gelukkig het niemand aan die siekte beswyk nie, en daarvoor was hy veel dank, naas die Here, het hy gesê, verskuldig aan sy weduwee-skoon-suster, mevr. Jacobus de Wet. Hy het altyd met erkentlikheid gespreek van haar toewyding en getroue verpleging.

Dit sou nou nie lank meer duur nie of die twee klein Republieke van Suid-Afrika sou in hul groot worstelstryd met Groot-Brittanje gewikkel wees.

Engeland het daar nooit vrede mee gehad nie dat die Boere in Suid-Afrika 'n eie, vrye bestaan sou geniet; en onophoudelik is dit sy toeleg gewees om die twee volkies wat in die noorde selfstandig bestaan, van hul vryheid en hul grond te beroof. En wat Engeland hom maar altyd op toegelê het, was om die kring om die Republieke nouer toe te trek, totdat hul heeltemal ingesluit sou wees. So het Engeland die Voortrekkers agtervolg in Natal. Noueliks het die Boerevolk sy Republiek daar gevestig, of Engeland neem dié land van hom af. Dit was in 1842.

Die Voortrekkers wyk nou voor hul vervolger, en trek die Drakensberg uit. Hulle hoop nou om in rus te leef op die breë vlaktes, daar agter die reusebergketen. Maar hulle moet beleef dat Engeland ook dit aan hulle nie gun nie. In 1848 proklameer hy sy soewereiniteit oor die hele land tussen die Oranjerivier en die Vaalrivier.

Het die Boere nou ook dié grondgebied in 1854 teruggekry, omdat dit vir Engeland niks werd was nie, moes hulle dit tog ondervind dat net so gou as daar skatte onder die aarde ontdek was, Engeland weer op hulle spoor is. In 1870 moet hulle dit maar aansien dat hulle diamantvelde van hulle geneem word.

Sewe jaar daarna annekseer Engeland die Transvaal, en alhoewel die klein Republiekie 'n tydjie daarna sy onafhanklikheid herwin het, was dit nooit die minste van die gedagte van Groot-Brittanje om af te sien van die doel wat hy voor oe hou nie. Suid-Afrika moet syne wees. Niemand anders moet

hier heers as hy nie. Dit blyk al gou, ná die Vryheidsoorlog, dat Transvaal met sy herwonne onafhanklikheid tog niks beteken in Suid-Afrika Engeland sal daarvoor sorg dat nòg hy nòg sy buurman oorkant die Vaalrivier 'n duimbreed na buite sy grense sal kan uitbrei, of hulle as sterk klein nasies verder kan ontwikkel.

Dit was die Suid-Afrikaanse Republiek wat Engeland veral begin teister. Hy het dit vir hierdie Staat onmoontlik gemaak om onderhandelinge aan te knoop met die Kafferstamme wat rondom hom woon. So het Engeland, deur Soeloeland en Swasieland onder sy heerskappy te bring, die kans vir die Transvaal afgesny om na die ooste 'n weg na die see te vind.

Toe moet die Suid-Afrikaanse Republiek dit vernederend ondervind dat hy op sy westelike grens nie eens die reg het om te verklaar hoe sy grenslyn loop nie. Dit was Engeland wat dit eiemagtig bepaal. Hy het dit meer as eenmaal gedoen, en finaal in die Konvensie van Londen in 1884. En in die jaar daarop het Engeland nog boonop aan die Transvaal die belediging gedoen om die ekspediesie onder Warren na sy westelike grens te stuur, toe Warren die Republiek so goed as tot oorlog uitgetart het.

Daarna het Rhodes op die toneel gekom Rhodes! Maar hy was tog 'n Afrikanervriend! Ja, 'n Afrikanervriend! Niemand het hom vir iets anders aangesien nie. Was hy nie selfs 'n lid van die Afrikanerbond van die Kaapkolonie nie?—en dit tot afgrysing van menig vurige imperialis!

Maar Christiaan de Wet het vir Rhodes dwarsdeur gesien. In hierdie periode van sy geskiedenis het Rhodes by geleentheid Bloemfontein besoek. Daar het De Wet hom gesien, maar hy is nooit met hom in

gesprek gewees nie. Toe was die lof van Rhodes in die mond van iedereen. Tog het De Wet hom nie vertrou nie. Hy het dit van hom gesê: „Hy het 'n wonderlike kop—dit kan niemand bestry nie; maar hy sal vir ons kwaad doen." En op 'n ander geleentheid: „Ek het Rhodes nie hoor praat nie, maar ek het sy vleitaal in die koerante gelees, en dit was vir my onmoontlik dat 'n Engelsman die Boere so lief kon hê."

Rhodes was dan, toe Engeland die Transvaal op sy westergrense so lastig val, die vriend van die Afrikaner. Hy het hom ook bevind in Betsjoeanaland toe Warren met sy ekspediesie daar was. Hy het toe niks met Warren opgehad nie. Hy het die handelwys van die Imperiale Regering afgekeur. Daarenteen het hy die beginsel gehuldig dat die Regering van Suid-Afrika aan die volk van Suid-Afrika moet oorgelaat word.

Hy het maar sy tyd afgewag!

En nou sou hy maar 'n bietjie speel met die twee ou Republiekies, en hom amuseer met Afrikaner-ideale!

Intussen dink hy „in wêrelddele," en laat hy sy planne ryp word.

Dit duur ook nie lank nie of hy tree in dieselfde gebied op ten weste van die Transvaal, waar hierdie land deur 'n tyd so veel te verduur het. Hy het dit self gesê wat dit was waaraan hy maar altyd gedink het: „Toe ek die geskiedenis van ander lande lees, het ek dit ingesien dat die kwessie van die uitbreiding van gebied swaarder as alle ander moet weeg; en daar die oppervlakte van die aarde beperk is, moet die teenwoordige mensdom daarna streef om so veel as moontlik, van die aardbol vir homself toe te eien."

En waar sy biograaf „Vindex" hierdie woorde van Rhodes aanhaal, laat hy dit volg: „Daar die Britse Ryk in die voorhoede staan van die vooruitgang van die menslike geslag, het die heer Rhodes tot die besluit gekom dat die beste wat aan 'n land kan gebeur, dit is: Nie alleen in belang van die menslikheid nie, maar ook in belang van die Engelse ras, om onder die Engelse vlag te kom."

Ja, op dieselfde grondgebied aan die weste van Transvaal, waar hy, toe hy nog sy eie kans nie sien nie, vir Warren veroordeel het, daar het hy nou sy doel gaan bereik. Gou-gou het dit ook gebeur. In 1889 het hy van die Imperiale Regering 'n „Charter" gekry. Toe was die weg vir Engeland oop. Al vinniger het dit gegaan. „Dwarsdeur bloed," soos Leyds dit uitdruk, [1] is die ondergang van Lobengoeloe voltooi, is die Matabele's heeltemal onderwerp, en is die Transvaal heeltemal ingesluit tot aan die Portugese gebied.

Daar moes nou nog net voorwensels gevind word om die Transvaal, en met die Transvaal ook die Vrystaat, in te swelg.

---

[1] „Het Insluiten van de Boeren-Republieken," II, 270

## HOOFSTUK VII.

### OORLOG.

Die oorlog van 1899-1902 was nou op hande Die Vrystaat in Nouere Vereniging verbind met die Suid-Afrikaanse Republiek, kragtens traktate met dié Staat in 1889 en 1897 aangegaan, het dit besef dat die lot van die Transvaal ook sy lot sou wees, hoe dit ook sou uitval, en hy het hom nou ook geheel vereenselwig met die Broeder-Republiek.

Alles wat maar moontlik was, het die Transvaal gedoen om oorlog te voorkom. Konsessie op konsessie is aan die uitlanders gegee. President Kruger het dit ten laaste selfs toegestaan dat die stemreg aan vreemdelinge sou gegee word ná 'n vyfjarige verblyf in die Transvaal. Maar niks het gehelp nie. Dit het geblyk dat die ergste moes verwag word toe sir Alfred Milner getoon het, op die Konferensie op Bloemfontein in die winter voor die oorlog, dat hy heeltemal onversoenlik was.

Die einde van alles was die ultimatum van die Transvaal. „Het nageslacht zal zijn uitspraak over dit ultimatum doen. Het zal zeggen, dat het een protest was tegen onrecht en dwingelandij Het zal in dat ultimatum horen, dat een klein volk tot een groot volk zegt: ,Gij zijt groot en machtig, en gij wilt door uwe macht mij onderdrukken; maar ik verklaar hier voor de ganse wereld, dat macht niet recht is, en ik trotseer u!' " [1]

---

[1] „Met de Boeren-Commando's," bls 5



Christiaan de Wet, toe hy Volksraadslid van die S.A. Republiek was.

En, na ag-en-veertig ure, op 11 Oktober 1899, was dit oorlog tussen Engeland en die twee Boere-Republieke.

Die Regeringe van die twee State het vroegtydig aan die burgers aangekondig dat hul vir hulle moet klaarhou vir gebeurlikhede. Elkeen het dus verwag dat hy opgeroep sou word om sy land te verdedig, en tog was dit asof dit skielik gekom het toe die burgers op 2 Oktober opgekommandeer geword het. Dit was deur die veldkornette aangesê dat iedereen vir hom by sy kommando moes voeg en op 'n seker datum op 'n aangewese plek in sy distrik verskyn.

Christiaan de Wet is ook gekommandeer geword —hy en sy oudste seun. Maar die groot saak het so swaar op sy gemoed gerus, dat hy nie tevrede was met 'n blote pligsvervulling nie: hy het twee van sy ander seuns, wat al oud genoeg was vir kommandodiens, gesê dat hulle ook deel moes neem aan die stryd, al was hul ook nie gekommandeer nie.

Hy het ten volle begryp hoe groot die stryd sou wees wat nou op hande was. Hy het dit ook verklaar dat hierdie worstelstryd 'n ander sou wees as die Vryheidsoorlog van 1880-1881.

Sy dappere vrou, soos dit met haar altyd die geval was in die grote momente van die volkslewe, het ook nou met haar volk meegeleef, ten volle bereid om alles ten offer te bring. Sy het nou nie die beste gesondheid geniet nie; maar dit het op die gloed wat daar in haar brand, geen uitdowende invloed uitgeoefen nie. Stil het sy vir haar besig gehou met wat haar man en seuns sou nodig hê op kommando, en nou, vir die twede keer, moes sy die toesig van alles op die plaas op haar neem.